21 APRIL 2024

# TORINGKERK NUUS

SONDAG EREDIENS | DIE GOEIE HERDER | HAND 4:5-13



## DIE HERE IS MY HERDER

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.
Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.
In u hande is ek veilig.

U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.
U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly
en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.

(**PSALM 23**)

# WELKOM BY DIE EREDIENS!

## GEBRUIK ASB DIE SYDEURE

Baie welkom by hierdie Sondag se erediens!

Die kerkgebou ondergaan steeds instandhouding. Die voorste ingang van die kerk kan tans nie gebruik word nie, dus sal al die kantdeure (beide regs en links van die voordeur) oop wees. Heerlike koffie sal steeds bedien word in die voorportaal.

Almal welkom!

***Onthou asb dat kerk weer 9:30 begin!***







# BAIE GELUK AAN JOZEF EN LOUIS WAT VERKIES IS TOT DIE GEMEENTERAAD!

Die volgende lidmate is verkies tot die Gemeenteraad.

- Jozef von Mollendorf (Boonste foto saam met sy vrou, Marissa en hondekind Riley)
- Louis Dell (Onderste foto saam met sy vrou, Annelie en dogter Kathleen)

Ons is baie dankbaar vir julle bereidwilligheid om diensbaar te wees op hierdie manier.

Ons bid vir Jozef en Louis, asook die hele Gemeenteraad vir 'n baie geseënde 2024!

# WIL JY DEEL WORD VAN DIE BLOMME SPAN OP SONDAE?

Ons is so dankbaar vir ons Blomme-span wat elke Sondag seker maak dat ons die mooiste blomme en/of groenigheid het wat die liturgiese ruimte versier.

Ons benodig nog so paar mense wat deel kan word van hierdie span. Die span word kwartaaliks ingedeel, so jy kry sekere Sondae waarvoor jy dan verantwoordelik is. Daar is geen voorskrifte nie en jy kan enige blomme/blare bring wat vir jou mooi is.

Indien jy kan deel word van hierdie span, kontak asb vir Jana.















# TORINGKERK DROOM

John Lennon sing *"You might say I'm a dreamer, But I'm not the only one. I hope someday you'll join us"*. Verbeelding en drome is diep teologiese begrippe, selfs Paulus skryf daarvan in Efesiërs 3. As leiers droom, verbeel ons 'n perseel hier by die gemeente wat vir die volgende 150 jaar 'n toring van hoop, liefde en geloof sal wees. In 2025 het ons die voorreg om ons 150ste bestaansjaar te vier as gemeente! ***Projek Eden*** is om 'n Bybelse tuin op te rig wat ons herinner aan God se goedheid en sorg. Ons droom van 'n spasie waar ons pieknieks kan hou, saam kan kuier, die Here kan ervaar en beleef. Ons droom van die Toringkerk koffie winkel vir na- en voor- skoolse ouers, ons droom van kerklike toere vir skole, die gemeenskap en toeriste. Hierdie toer begelei jou na die hoogste toring in die land gevolg deur 'n middel-weekse mediatiewe erediens. Oral is daar digitale kodes wat die Toring-storie in verskeie tale vertel. Ons droom net so groot vir die kerksaal. Van klimrame, son krag, predikante kantore, 'n gebeds kamer, 'n boorgat, 'n kleuterskool, maatskaplike versorgings sentrum, vaardigheidsontwikkeling programme, 'n multi funksionele saal vir troues, vertonings en aanbiddings geleenthede. Ons is dankbaar dat ons kerk perseel onlangs omhein is en toe geplant is het met 1000 keiappels boompies. Ons is uiters dankbaar vir vriende by Kaapse forum waar ons hierdie boompies gratis kry by die Departement van Landbou. Die keiappelbome is 'n inheemse droogtebestand boom wat as sekuriteit dien vir die vandalisme wat die kerk en perseel so beskadig, 'n oes-bare appel vir konfyte wat by Markietie verkoop kan word en 'n pragtige groen heining vir buitestaanders. Hiervoor is ons dankbaar vir Dr. Norman Nieder-Heitmann en argitek Rochel Viviers. Die laaste paar hekke word gesweis en die volgende 2000 boompies geplant. Na dit droom ons oor die boorgat en dat Projek Eden kan begin! Kom droom saam... God is goed!

# MARKIETIE VOORBEREIDING: KONFYTFLESSIES & SUIKER

Ons is sommer nou al besig om voor te berei vir ons konfyt voorraad vir Markietie - veral omdat ons die verskillende seisoenale vrugte deur die loop van die jaar wil gebruik om die heerlikste konfyt te maak.

**Ons benodig asb:**
- Konfytflessies (enige grootte)
- Suiker

Indien jy met die bogenoemde kan uithelp, bring dit asb na die kantoor of kontak direk vir Christine en/of Eddie Orsmond. Baie dankie!





# BAIE GELUK SUMIEN!

## ONTMOET ONS NUWE PROJEKKOÖRDINEERDER

Ons wil graag vir Sumien bekendstel as Toringkerk se nuutgekose Projekkoördineerder!

Ons is baie opgewonde en dankbaar om jou deel van die span te hê!

Sumien se rol sal wees om die koördineerder te wees van Toringkerk se 150 jaar vieringe wat ons in 2025 gaan vier. Die vieringe bestaan uit 'n klomp verskillende geleenthede soos kuiergeleenthede, konserte, 'n bundel ens.

Weereens baie geluk en baie welkom Sumien!

# NATANIËL

## ('N MOEDERSDAG BEDERF)

Ná 37 jaar op die verhoog staan Nataniël bekend as sanger, skrywer, storieverteller en stylikoon met sy asembenemende kostuums. Op Sondag 12 Mei het inwoners van die Paarl die geleentheid om Nataniël se Moedersdagkonsert te ervaar, met hoogtepunte uit sy laaste groot verhoogproduksies en 'n retrospektiewe blik op van die snaakste stories in Afrikaans en Engels. Nataniël deel die verhoog van die Toringkerk met die pianis Charl du Plessis vir hierdie enkele uitvoering. Nuwe kostuums deur Nataniël se ontwerper Floris Louw word spesiaal vir die geleentheid onthul.

**Datum:** 12 Mei 2024
**Tyd:** 15:00
**Plek:** Toringkerk
**Koste:** R290

***Bespreek aanlyn by seatme.co.za (of vind die skakel op Toringkerk se webtuiste: www.toringkerk.co.za)***









# KUIER & KLETS: ROLBALOGGEND!

Vanoggend (15 April 2024) is weer een van daardie lieflike Herfsoggende in die Paarl. Die perfekte dag vir die twintig lede van die kuier en Kletsgroep (jaaa, dominee Ryno is ook mos deel van ons groep né), om hulle slag op die rolbalbaan te wys. Alle dank aan Talitha Herholdt wat jaarliks hierdie baie gewilde pret-oggend by die rolbalklub reël.

As 'n onomwonde bewys dat ouderdom slegs 'n nommer is, het hierdie spelers hulle nie deur hulle ouderdom laat kortwiek nie. Die vermoë van 'n senior Burger om iets nuuts te leer moet vir seker nie vlak gekyk word nie!

Onder die bekwame leiding, aanmoediging en ondersteuning van die









4 professionele rolbalspelers was dit fassinerend om te sien hoe 'n amateur speler in 'n wafferse "pro" ontpop wanneer hulle daardie genommerde swart bal op die korrekte manier vashou en dan met 'n boog laat rol. Opgewonde spanlede het deurentyd hulle maats aangespoor om die bal so na as moontlik aan die wit balletjie te laat rol om sodoende punte vir hulle span aan te teken.

Na afloop van die bepaalde rondtes en almal warm gespeel was, is daar na die stoep onder die afdak verskuif vir heerlike lafenis met eet-en drinkgoedjies wat reeds gereed gestaan het.

*ALLES NET VIR DIE PRET SAAM MET DIE KUIER EN KLETSGROEP!*

*(Geskryf deur Zirkea Stander)*

***Indien jy graag wil deur word van die prettige Kuier en Klets groep, kontak asb gerus vir Hannetjie Lotz***
***(083 650 1860)***

RAAK 'N

# CHAMPION VIR MARKIETIE 2024

BAIE DANKIE VIR ELKEEN WAT ALREEDS HAND OPGESTEEK HET OM 'N CHAMPION TE WEES BY DIE MARKIETIE!

ONS HET NOG 2 MENSE NODIG VIR DIE VOLGENDE TAKE/STALLETJIES!

## BEMARKING

JOU TAAK SAL WEES OM KREATIEWE VIDEOS TE MAAK, AFKONDIGINGS TE DOEN IN DIE KERK (OF MENSE TE REËL) EN KREATIEF TE DINK OOR BEMARKING BUITE DIE GEMEENTE.

## KOELDRANKE

JOU TAAK SAL WEES OM DIE KOELDRANKE TE BESTEL (ONS HET REEDS KONTAKTE) EN DIE LOGISTIEK DAARRONDOM TE HANTEER.

KONTAK ASB VIR RYNO, JANA, JANNEKE OF DAWFRE INDIEN JY KAN HELP!

# WYNVEILING!

Ons sien uit om saam te kuier en 'n glasie te klink by ons jaarlikse Wynveiling!

**Wanneer:** 3 Mei 2024
**Waar:** L'avenir Wynplaas (Buite Stellenbosch)
**Koste:** R150
**Wat is alles ingesluit?**

- Opsionele busvervoer (vanaf TK om 18:00)
- Veiligheidswagte by TK wat na jou kar omsien
- Vonkelwyn met aankoms
- Wynproe (aangebied deur wynmaker Dirk Coetzee)
- Twee platters per tafel

Besoek www.tkmarkietie.co.za om jou kaartjies te bespreek! Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees!





# SPESIALE STEMME

Dit is van kardinale belang dat almal wat geregistreer is, wel op stemdag hulle kruisies maak. Kieserregistrasie is reeds voltooi, maar daar is nog spesifieke sperdatums vir registrasie van spesiale stemme, om buite jou stemdistrik te stem of om in die buiteland te stem. *(Bron: VrydagNuus)*

Daar is 2 opsies beskikbaar vir Spesiale Stemme vir Stemdag:

1. Om te kan stem by 'n stempunt op Maandag of Dinsdag voor stemdag op Woensdag 28 Mei.
2. Om te reël dat OVK jou stem aan huis kom afhaal.

Vorms vir bogenoemde is by kerkkantoor beskikbaar.
Kontak André Koegelenberg (0832693138) rakende enige info/ hulp hiermee.

# TORINGKERK VISIONERINGS GROEP

Is dit jou gawe om die groot prentjie raak te sien? Sou jy deel wou wees van 'n gesprek waar ons saam dink en droom oor TK se afdruk in die Paarl?

Dan wil ons jou uitnooi om deel te word van die visioneringsgroep van Toringkerk.

Die gedagte sou wees om gereeld bymekaar te kom vir 90 minute.

Scan die QR kode hier langsaan om in te skakel by die Whatsapp groep. Alle kommunikasie sal hier geskeid.

TK Visioneringsgroep
WhatsApp group

# AFSKEID VAN JANNEKE & CHRISTIAAN

Ons wil graag die gemeente nooi om op 5 Mei, ons afskeidssondag saam met Janneke en Christiaan te vier.

Ons gaan na die erediens saam met Janneke en Christiaan kuier in die kerksaal.

Kom maak gerus 'n draai en kom sê baai!

Janneke maak amptelik op 17 Mei klaar by Toringkerk.

5 Mei | Na die diens | Kerksaal






# ECHO ETE

Woensdagaand het ons weer 'n heerlike gemeenskapsete gehad by die Paarl ECHO Huis (jeughuis). Ons is dankbaar vir almal van ECHO Tableview, Yaterplaat en Stellenbosch wat saam kom eet het (en die lekkerste poeding gebring het!)

*"I don't know what tomorrow holds*
*All we have is today*
*Today is a good day to make a change*
*We all got a story, have something to say*
*Let's make a change"*
*(Triveno - hy het st storie en musiek met ons gedeel))*

Dankbaar vir hierdie community.

Indien jy meer betrokke wil word, kontak asb vir Janneke.

# SOFT TOYS VIR DIE TOMBOLA-TAFEL!

Ons het verlede jaar 'n wonderlike, prettige Tombola-tafel gehad vir die kinders by Markietie!

Ons het gesien dat die 'soft toys' by verre die grootste treffer was en dat elkeen wat by die Tombola gespeel het heimlik gewens het dat hulle 'n sagte speelding kan wen en saam neem huis toe!

Ons wil dus graag nou al vra dat ons soft toys insamel! Indien daar 'n paar sagte poppe by die huis rondlê wat jy kan skenk, bring dit asb kantoor toe! Alternatiewelik kan jy dit ook na die erediens bring op Sondae! Baie dankie!



# HAM SKOENDOSE

Huis Andrew Murray sorg daagliks vir 155 sorgbehoewende kinders wie of wees gelaat is of wie deur die Kinderhof uit ouerlike sorg verwyder is.

Toringkerk stap 'n pad saam met die dogters van Huis Aristea (dogterhuis by HAM). HAM het binnekort weer hulle Christmas in July partytjie!

Ons benodig 13 mense om hand op te steek om weer 'n skoenboks geskenk op te maak vir een van die dogters. Daar word riglyne gegee vir wat aangekoop kan word vir elke dogter. Kontak asb vir Janneke indien jy kan help!





# HUIS ARISTEA BEHOEFTELYS

Huis Aristea het 'n paar behoeftes - dalk kan jy help?

- 1x haardroeër
- Sitkamerstel
- Yskas

Die sitkamerstel wat die huis tans het is redelik deurgesit en benodig 'n herstel of dalk selfs 'n nuwe stel. Dit kan bestaan uit 'n bank/sagte stoele ens.

Die yskas is stukkend. Hulle moet die yskas elke tweede week die yskas afsit. Dit benodig 'n goeie herstel, of dalk selfs 'n nuwe yskas.

Indien jy kan help, kontaks asb vir Janneke.

# KOÖRDINEERDER BENODIG VIR HAM

Ons is opsoek na iemand wat bereid sal wees om koördineerder van Toringkerk te wees vir Huis Aristea.

**Wat behels dit?**

- Kommunikasie tussen Toringkerk en HAM
- Die koördineerder van verjaarsdae van die dogters
- Die koördineerder van projekte soos die Skoendoos projek, HAM Bederf oggend, Kersfeespartytjie ens.
- Die nooi en koördineerder van die dogters by ons eredienste.

Kontak asb vir Janneke indien jy belangstel!



# dagboek DIE DATUM



03 MEI **WYNVEILING**



12 MEI **NATANIEL**



13-16 MEI **PINKSTER**



30-31 AUG **MARKIETIE!**

ONS SIEN UIT NA 'N OPWINDENDE JAAR!

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

21 Apr Sofie Meunier
21 Apr Vivian Vorster
22 Apr Emma Du Toit
22 Apr Alex Hanekom
22 Apr Kowa Rabe
23 Apr Tristan Goslett
23 Apr Sydney Kloppers
23 Apr Pierre Loubser
23 Apr Cilliers Sandenbergh
24 Apr Annemarie Grobbelaar
24 Apr Reinette Immelman
24 Apr Fanie Nel
24 Apr Peter-Ben Pagel
25 Apr Charlene Gebhardt
25 Apr Carla Smit
26 Apr Marianna Borman
26 Apr Ursula du Toit
26 Apr Annene Kloppers
26 Apr Comarie Lategan
26 Apr Jozef Von Mollendorf
27 Apr Ryno Els
27 Apr Hentie Fourie
27 Apr Christine Goslett

# KINDERS & JEUG

### KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.6)

Kinderkleingroepe gaan voort soos normaal! Ons lees die storie van Jesus se laaste ontbyt met die dissipels!

### KRUISCONNECT (GR. 7-10)

Ons gaan voort met KruisConnect hierdie Sondag (21 April), direk na kerk tot 11h30!

### TIENERKERK (GR. 7-12)

Ons tweede Tienerkerkdiens is 23 April, 19:00-20:00 in die kerk!

# DEURKOLLEKTE

## CHRISTELIKE LEKTUUR FONDS (CLF)

**CLF SE VISIE IS OM DIE BOODSKAP VAN DIE BYBEL NA ALMAL TE NEEM, IN HULLE EIE TAAL**

Die Christelike Literatuurfonds is in 1957 gestig deur Dr. Abraham Dekker en 'n groep getroue sendingwerkers. Met die besef van die geskenk van die evangelie en die bevinding dat min mense toegang daartoe gehad het, het die Christelike Literatuurfonds begin om gratis Christelike materiaal te ontwikkel en te versprei onder die verskillende taal- en kultuurgroepe van Suid-Afrika en daarbuite. Die Christelike Literatuurfonds het 'n impak gehad op baie gemeenskappe, en met die ondersteuning van baie goedgesinde harte uit verskillende dele van die wêreld, gaan ons voort om te werk met dié wat die meeste ondersteuning benodig.

# KALENDERBORG

## AFRICAN MUTUAL TRUST COMPANY


AM TRUST
African Mutual Trust Company (Edms) Bpk (Pty) Ltd
1949/900302/07

**TEL:** 021 860 1500
**EPOS:** TRUST@AMTC.CO.ZA | WILLS@AMTC.CO.ZA
**ADRES:** 25 VAN DER LINGEN STREET, PAARL
**WEBTUISTE:** WWW.AMTC.CO.ZA

*Bereddering van bestorwe boedels*
*Opstel van testamente*
*Administrasie van trusts*
*Boedelbeplanning*

*Administration of deceased estates*
*Drafting of wills*
*Administration of trusts*
*Estate planning*

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | rynojels@gmail.com

### DIENSLERAAR: GEMEENSKAP & JEUG

Janneke Neethling | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### AFLOSKOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### PROJEKKOöRDINEERDER

Sumien Symington | 083 585 6570 | projek@toringkerk.co.za

### TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094



# OFFERGAWES

## OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK ZAPPER

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.